

DIE LEEU EN DIE LAM SAL SAAMLÊ. REGTIG?

Gerrie Malan



Nie so lank gelede nie het 'n kosbare vriendin ons gevra – omdat ons soveel eindtyddoktrines verwerp – wat dan van die leeu wat by die lam sal lê, wanneer sal dit wees?

Ons navorsing het 'n onverwagte kinkel opgelewer – en dit het ons opnuut laat besef hoe maklik die mens se begrip byvoorbeeld deur verkeerde konsepte in gewilde liedere beïnvloed word. Ek het persoonlik die pragtige lied *Peace in the Valley* meer kere gesing as wat ek kan onthou – en dit boonop in die kerk! Ek wou egter vir my antwoord aan haar seker maak dat ek die korrekte Bybelvers beet het om mee te begin.

Toe die skok! Die Bybel leer nie dat die leeu by die lam sal lê nie! Jesaja 11:6 lui dat die **wolf by die lam sal wei**, die luiperd gaan lê by die bokkie, terwyl die kalf en die jong leeu en vetgemaakte vee bymekaar sal wees, gedrywe deur 'n jong seuntjie. Dit is profetiese uitspraak en mens moet verstaan dat die wolf en lam wat saamwei verwys na 'n onderdrukker en swak nasie wat in vrede sou leef. Die res van daardie Skrifgedeelte moet in dieselfde sin verstaan word, byvoorbeeld die leeu wat strooi sou eet soos 'n os was profesie dat sterk nasies tevrede sou wees met dit wat hulle gehad het. Die beelde is gebaseer op poëtiese uitdrukking van Aramese idiome, die taal waarin hulle geskryf was of waaruit hulle ontwikkel het.

Ek kan maar net raai dat iemand oorspronklik 'n skildery gemaak het van Christus se twee eienskappe: die Leeu uit die Stam van Juda, en die Lam van God. En iewers langs die pad het die beeld van betekenis verander en is dit in algemene "Bybelkennis" omvorm! Dit het beslis my oë oopgemaak en sedertdien is ek besig om die baie gewilde liedjies op ons cd's te herevalueer – liedjies met pragtige melodieë, but ongelukkig so verkeerd in die doktrine wat hulle oordra. As u dus byvoorbeeld volgende keer die liedjie *All Consuming Fire, you are my desire* begin sing, gaan slaan gerus al die Bybelverse na wat God as 'n verterende vuur uitbeeld en bestudeer hulle deeglik. U sal dalk net na 'n ander lied toe wil oorslaan. Ek kan u verseker u sal soortgelyke probleme in talle ander geestelike liedere aantref. Daar is 'n reuse verskil tussen die verterende vuur (wat vernietig) en die smelter se vuur ('*refiner's fire*') wat suiwering meebring.

Dit is ook interessant hoe gemaklik onakkurate woorde in 'n mense se verstand kan vasgroeï. Neem byvoorbeeld die woorde van die liedjie *Peace In The Valley*, wat lui "*the lion shall lay down with the lamb.*" 'n Mens sien duidelik daarin die beeld wat deur soveel skilderye soos die een wat ek ter illustrasie van hierdie oordenking gebruik het oorgedra word. Die Afrikaanse vertaling van 1933 lui dat die **wolf** by die lam **wei**. Ander weergawes lui soos volg:

Wolwe en skape sal dan saam bly – Nuwe Afrikaanse vertaling, 1983.

The wolf also shall dwell with the lamb (...) – King James Version.

And the wolf also shall sojourn with the lamb (...) – The Exegeses Ready Research Bible.

And shall stay the wolf with the lamb (...) – Green's Interlinear Bible.

A wolf will reside with a lamb (...) – NET Bible.

The wolf shall live with the lamb (...) – The Complete Jewish Bible.

Ek het nog verdere Bybelweergawes nagegaan, maar het nog nie een gevind wat die uitdrukking gebruik van die wolf en die lam wat **saamlê** nie.

24 October 2015

Skildery: goedgunstiglik van www.freecodesource.com

Die Bybel. 1933. Groentemarkplein, Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

Die Bybel. 1983. Roggebaai, Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Green, J.P., Sr. General Editor and Translator. 1986. (2nd. Ed.). *The Interlinear Bible: Hebrew-Greek-English*. Hendrickson Publishers.

HCSB. 2006. *The Holman Illustrated Study Bible*. Nashville: Holman Bible Publishers.

Jahn, H. 1993. *Exegeses Ready Research Bible*. Iowa Falls: World Bible Publishers.

NET. 2006. *The New English Translation*. www.bible.org.

Stern, D.H. 1988. *The Complete Jewish Bible*. Jewish New Testament Publications: Clarksville, Maryland.